

GEEN DROOM IS TE GROOT NIE

Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle
koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie
van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Jeremia 29:11

As mens nie droom nie – lewe jy nie. Omdat ons in 'n almagtige
God glo kan ons juis droom. Niks is dan vir Hom onmoontlik nie.
Die Here het ons nie gemaak om *small spirited* en 'jannie –
jammergatte' te wees nie. Hy het ons gemaak met *desires* en passies en
sal ons ook help om dit uit te leef. MAAR, dit gaan nie in ons skote val
nie.

Orison Swett Marden het gesê; “*The Creator has not given you a longing
to do what you have no ability to do.*”

Ons moet ons kant bring en soveel moontlik doen om ons drome
waar te maak. Soos om die nodige vaardighede aan te leer, te oefen, op
te let in die klas, boeke te lees en om mense te gaan sien wat ons kan
help om 'n stappie nader aan ons droom te kom. Maar sonder geloof
en vertrouwe dat die Vader dit kan waar maak, help dit ook net tot op 'n
punt.

Ek het 'n oefening waar ek vir my 'n *Vision Board* maak. Daarop plak
ek woorde, aanhalings en prentjies van al my drome. Ek plak dit iewers
waar ek dit elke dag kan sien, soos binne in my kas. Wanneer ek daarna
kyk maak ek my oë vir so minuut toe en ek *imagine* hoe dit waar word.
Ek sien in my gedagtes hoe dankbaar ek teenoor die Here is en dan los
ek dit wat ek nie menslik kan doen nie in Sy hande.

Probeer dit. Dit is lekker en glo my, dit werk! Die belangrikste ding
om van droom te onthou, is dat jy dit nooit sonder die Here moet of
kan doen nie.

Leandie du Randt

JY IS HIER OM 'N VERSKIL TE MAAK

Ek span my in om by die wenstreep te kom
sodat ek die hemelse prys kan behaal
waartoe God my geroep het in Christus Jesus.
Filippense 3:14

Het jy al ooit gewonder hoekom God jou gemaak het en wat Sy doel met jou lewe is? Die hele skepping is 'n bewys van Sy groot almag. So is ek en jy as deel van hierdie skepping ook hier om God te verheerlik. Hoe dink jy doen mens dit? Deur aan Hom gehoorsaam te wees en deur ons hele lewe net aan Hom te gee.

Maar hoekom het God juis vir my nodig as deel van hierdie groot skepping? Daar is mos miljoene ander mense wat God kan verheerlik? Ja, daar is ontelbaar ander mense, maar God het jou by jou naam geroep!

Hy wil graag hê dat JY Sy kind moet wees. Hy het 'n plan en 'n doel met JOU lewe – iets wat net jy kan doen omdat daar niemand anders soos jy op hierdie aarde is nie. Net jy lyk soos jy en niemand anders het dieselfde geaardheid as jy nie – daarom is jy die ideale persoon om 'n verskil te maak in die lewe van mense wat God oor jou pad stuur. Jy bly nie net toevallig in die dorp waar jy bly nie. Jy is nie toevallig in die skool waar jy is nie. Jy lees nie toevallig hierdie dagstukkie nie!

God roep jou om 'n verskil te maak! Dink net aan alles wat die Here al vir jou gedoen het en als wat jy al van die Bybel geleer het ... Gaan vertel dit vir iemand! Gaan wees vriendelik met die maats by die skool wat nie vriende het nie! Gaan help ander mense met dinge wat hulle moet doen, wat dalk te swaar is om alleen te doen! Maak 'n verskil!

Riana Mouton

DOEN EK DIE REGTE DINGE?

Vra vir God as jy nie kan agterkom
wat Hy wil hê jy moet doen nie. Hy sal
jou eenvoudig daardie wysheid gee.
Jakobus 1:5

Partykeer bevind ons, onself in situasies waar ons nie heeltemal seker is wat die regte ding is om te doen nie. Dit kan 'n meer eenvoudige besluit wees soos moet ek die jaar rugby of krieket speel. Of dit kan iets groots en meer *complicated* wees soos wanneer jy jou vriende moet kies, of selfs wat jy eendag na skool wil doen.

Iemand het een keer gesê dat die lewe uit 'n reeks besluite bestaan wat een op die ander volg. Ons besluit hoe laat ons die volgende oggend wil opstaan en stel dan die wekker. As ons die oggend opstaan besluit ons watter klere om aan te trek. Dan besluit ons op skoene wat daarby sal pas. Daarna besluit ons wat ons vir ontbyt wil eet. So volg een na die ander besluit deur die hele dag tot jy vanaand weer besluit hoe laat jy die wekker moet stel.

Dit kan nogals *scary* wees om te dink dat ons hele lewe uit keuses bestaan wat ons moet maak. Sommige van hierdie besluite kan die rigting van die res van ons lewens bepaal. Hoe weet ons, ons maak die regte besluite?

Dis waarom ons so 'n wonderlike God dien. Hy sê dat as ons onseker is kan ons Hom vra en Hy sal ons die wysheid gee. Die dag toe ek dit besef, het ek geweet dat ek glad nie sonder Hom kan leef nie. Die Bybel sê mos juis, "Ken Hom in al jou weë en Hy sal jou paaie gelyk maak."

Eon de Bruin

BAIE MEER WERD AS VOËLTJIES

Die Here is my Herder,
niks sal my ontbreek nie.
Psalm 23:1

Dit was vroeggend in Bristol Engeland. Driehonderd honger weeskinders het by die etenstafel gesit, maar daar was niks om te eet nie. George Müller, stigter van die kindershuis het sy oë toegemaak om dankie te sê vir die kos, al was die tafels steeds leeg. Hy het geweet dat God 'n liefdevolle Pappa is en dat Hy sal voorsien vir die kinders, soos Hy nog altyd het.

Oomblikke later was daar 'n klop aan die deur, dit was 'n bakker: "Meneer Müller, " het hy gesê, " laas nag kon ek nie slaap nie. Op 'n vreemde manier het ek geweet dat julle vanoggend brood gaan nodig hê. Ek het opgestaan en klomp brode gebak. Ek bring dit vir julle in."

Minute daarna toe kom daar nog 'n klop. Hierdie keer was dit die melkman. Sy melkkar het gebreek reg voor die kindershuis. Hy wou weet of die kindershuis gratis melk wou hê, want die melk sou sleg wees teen die tyd wat die wiel sou reg wees. George Müller het dankbaar geglimlag toe die man die kanne vol melk indra, presies genoeg vir 300 dorstige kinders.

Hoe wonderlik om te weet dat Jesus reeds betaal het vir enige tekort wat ons ooit in die gesig mag staar. Hy is die Een na wie toe jy kan hardloop met jou behoeftes én jou drome, want Hy is lief vir jou! Hy weet wat jy nodig het. Hy sorg vir die voëltjies, maar maak dit duidelik dat ons baie kosbaarder is as hulle, so hoeveel te meer gaan Hy nie vir jou sorg nie!

Sê sommer vandag al vir Hom dankie vir Sy voorsiening al sien jy dit nog nie.

Driekie Olwage

HY WEET PRESIES HOE JY VOEL

Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdadig het Hy self onder versoeking gelyk het, kan Hy die help wat versoek word.

Hebreërs 2:17

Daar kom tye wanneer mens met iets sukkel. Jy weet die regte ding is om te bid, maar jy wonder of dit regtig sal help. Sal God verstaan waardeur jy gaan en hoekom sal Hy omgee? Dit is waar jy die pot 'n myl ver mis sit! Die Vader het vir Jesus aarde toe gestuur sodat Hy alles kan ervaar en deurgaans waardeur ons elke dag gaan!

Het jy al alleen gevoel? Jesus het Sy dissipels saamgevat om te bid en hulle het aan die slaap geraak. (Mat. 26:40)

Het jy al verneder gevoel? Jesus is in sy gesig gespoeg en met vuiste in die gesig geslaan. (Mat. 26:67)

Het jy al gevoel dat iemand jou in die steek gelaat het? Jesus se dissipels het weggehardloop toe Hy gevange geneem is. (Mar. 14:50)

Het jy al gevoel dat iemand jou verraaï het? Judas, een van Jesus se dissipels, het hom verraaï vir muntstukke. (Luk. 22:48)

Was jy al bang gewees vir iets wat voorlê? Jesus het in die tuin van Getsemané, bloed gesweet oor dit wat Hy geweet het vir Hom voorlê.

Was jy al hartseer omdat iemand dood is? Toe Jesus gehoor het dat Johannes dood is, wou hy alleen wees en het in 'n boot geklim om weg te kom van almal. (Mat. 14:13)

Is jy al versoek om iets lelik te doen? Jesus is vir veertig dae lank in die wildernis versoek en Hy het nooit toegegee nie. (Mat. 4:1-11)

Alhoewel Jesus God se Seun is, het Hy as mens aarde toe gekom. Hy was ook 'n klein seuntjie wat geval het, sy toon gestamp het en met sy vriende gespeel het. Hy verstaan waardeur jy gaan!

Stass Janse van Veuren

5 dinge om
hierdie week
te onthou:

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG